# 224. GROTE YAHWEH, AAN U DIE EER!

**D                         A       D**
1. Grote Yahweh,aan U die eer!
**          Bm      D     A**
Heerlik is waar U regeer;
**D               A      D**
hemels is U majesteit;
**       Bm    D     A**
heilig U geregtigheid.
**       Em    D**
U wat alles onderhou,
**G   D     A      D**
U is ewig en getrou.

**D               A       D**
2. In genade, groot en ryk,
**            Bm        D     A**
bou Yahweh Sy koninkryk.
**D                    A          D**
Voordat ek kon kies, kon vra,
**          Bm         D         A**
het Sy Seun my vloek gedra.
**          Em         D**
Ek kon vind: Hy't my gekry
**G          D        A       D**
voor ek nog my skuld bely.

**D                 A        D**
3. U, oor alles Vors en Hoof,
**       Bm  D      A**
open oë van geloof
**D                         A          D**
dat ons sien, geen goed of kwaad
**              Bm     D      A**
word aan toeval oorgelaat;
**          Em      D**
bokant ons begrip, verstand,
**G       D      A       D**
hou U al wat is in stand.

**D                      A        D**
4. Grote Yahweh, Skepperhand
**            Bm       D       A**
word verheerlik deur U werke;
**D                   A       D**
son en sterre, see en land,
**           Bm          D       A**
prys U, Grootheid en U Krag.
**       Em     D**
U wat is, U was altyd,
**G        D       A      D**
U sal wees in ewigheid.

**D                    A        D**
5. Heiliges daar voor U troon
**Bm       D          A**
sing voor U vol vreug en vrede.
**D                    A              D**
Ons, in wie U Gees reeds woon,
**Bm         D      A**
wy aan U ons dankgebede.
**Em       D**
Eng'le, mense, almal saam,
**G            D        A          D**
sing, aanbid, en roem U Naam.

**D                    A       D**
6. Sien U volk in liefde aan;
**Bm        D         A**
laat ons nie die stryd verloor nie.
**D                        A            D**
Help ons satansmag weerstaan –
**Bm        D        A**
laat sy lis ons nie bekoor nie.
**Em           D**
U, Yahweh, van als die bron,
**G          D       A       D**
laat die nuwe aarde kom!